Ps. 146: 3, 4.
Ges. 20: 1, 2.
Ges. ~~20: 1, 9~~.
12: 6

# God onse Toevlug
(Ps. 90)

31/12 | Oujaarsbidaur
Wt./1940.

Ps. 90: 1 – Here, u was vir ons 'n toevlug v. geslag tot geslag

Dis die laaste dag v.d. oujaar. Ongemerk het jaar 1940 verbygesnel. Een dag na die ander – een gebeurtenis op d. ander. Ons staan op die brug tussen die ou & nuwe jaar. En as mens so te staan kom dan is behoefte daar aan 'n boodskap v. erns maar ook v. bemoediging, van versterking. Dis asof gedagtes a.d. laaste ure – verlede: meinde mens weemoedig stem, vol heimwee – allerhande bedenkings oor onbekende toekoms: kwangstigende vrae: Wat sal tog die toekoms bring? Hoe sal my kragte hou? Alles regkom?

Dan teksvers: Ps 90: 1 – die gebed v. Moses – een v.d. mooiste en innigste gebede in hele Bybl. Hd. gebed is die uitstorting v. hart van 'n ou man – dis die taal v.d. hart van 'n grysaard – wie sal dit beter kan verstaan as gryse vaders & moeders v/d hier? Dis d. taal v. grysaard diep onder besef van sy eie lewenskortkominge (7, 8), onder besef v. verg. v. lewe v.d. mens (9, 10) maar ook diep onder besef van Gods bystand & hulp & genade aan hom bewys (1, 2)

– Dis daarvan wat ons wil praat v/mdag.

Wat sê die woorde:

I Openbaar Moses se behoefte aan 'n Toevlugsoord:

„Here, u was vir ons 'n toevlug van g. tot geslag."
Hoe groot was nie die behoefte v. Moses, d. man v. G, aan toevlugsoord in sy lewe! Hy die groot leier v. sy volk deur donker dae – wie meer onder d. indruk v. sy eie swakhede as hyself! Wat vir moeilikhede hy nie te kampe gehad:
– onverdraagsame, ongehoorsame, opstand. volk
– teenslae & beproewinge, alles op sy skouers!
En dit as leier wat groot roeping moes vervul – watter krag & genade hy nie nodig gehad om volk na sy eindbestemming te lei nie!

Hoeveel dae nie gesmag na rusplekkie, skuiling, oomblik v. stilte om nuwe krag & genade & moed!

Ons: As ons terugsien op jaar: hoe baiekeer ons nie ook behoefte gehad aan rusplekkie, toevlugsoord, stil wees & nuwe krag kry!

Baie: ① siekte, swak gesondheid – behoefte aan krag
② dood dierbare – voete onder ons weggeslaan
③ moeilikhede in huis, besighd, werk – ongeduldig & geïrriteerd! Laste
④ sonde, angs, bekommernis

– Hoeveel behoefte ons nie ook gehad aan steunpunt toevlugsoord, plek van rus & versterking!

II Getuig dat Moses sy Steunpunt gevind het in God

Here, u was vir ons!

Watter gees van aanbidding, oorgawe, toewyding straal nie uit dié woorde! „Here u was" Moses kyk terug op eie lewe, lewensloop v.d. volk, dink aan al die gevare, moeilikhede – asof sy gesig verhelder as hy dink: „Here u was toevlug"

Woorde wys ons:

① Tot wie Hy sy toevlug neem: ~~Tot God~~ Nie tot mense, nie tot aardse goed, mr. tot God. Ons stel ons voor hoe baie hy moes gebid het in donkerste dae v. sy lewe – hoe God verhoor het! Dlm gesk. wys: Sy sukses as leier te wyte aan sy geloof op God

② Waarom hy sy toevlug tot God neem: Omdat die Here sy steunpunt was van geslag tot geslag (ook vs. 2)
Hy kyk terug op Gods wonderlike leiding in eie l. in volk 'n lewe: van ewigh'd al die toevlug. God nie net eenkeer uitgered: altyd & oral was Hy daar as helper & vriend, Vader & Leidsman.

Ons: Hoeveel v. ons kan nie ook u/a dit getuig as ons terugkyk op jaar: Here, in donker dae, beproewing, verdrukking was U ons toevlug! Nie net eenmaal, mr. keer op keer: altyd was u gereed om te help! Hoeveel: ① baie siek > gesond
② droefheid > verugde
③ moeilikh. > oplossing

Dit alles net omdat ons op God vertrou het! Hoeveel nie werd om te weet: God is daar – Hy help! Was goed gewees!

III. Stel in vooruitsig die vreugde wat daardeur kom:

Nr. Moses kyk nie alleen terug nie – ook vorentoe vs. 14: „Versadig ons in d. môre met u goedertierenheid sodat ons kan juig & bly wees in al ons dae" Moses stel in vooruitsig die vreugde wat geskenk word aan elke kind v God wat Hom so ken! Ook vs. 15 . Weet: as ek op God vertrou maak Hy alles reg. Gee hom die reg om dan aan die einde te vra: vs. 16, 17! Bid om seën!

Ons: Watter heerlike vooruitsig vir die Nuwejaar – (1) dat God ons blydskap & vreugde sal skenk & (2) dat ons op grond van ~~sy~~ Sy beloftes & ons gehoorsaamh. mag vra: 16, 17!
Ook ons het behoefte om dinge te vra v.d. Heer vir die Nuwejaar – behoefte aan krag, geloof, vertroue, ens. Die Heer wil dit gee – mr. dan moet ons ook vs. 1 kan nasê!

Einde: (1) Dank waar ons dit kan sê
(2) Bely waar ons nie geglo & vertrou & God ons toevlug gemaak het nie!
(3) Steun op Sy beloftes in Nuwejaar

Ges. 20: Komt . treên wy dan gemoedigd voort
In vast vertrouwen op Zyn woord,
Hee – – – amen.